

JJ en RSG

Garden World's JJ van Rensburg met Derrich Gardner

Luister graag elke Saterdag oggend op RSG na JJ met Derrich Gardener

10 – 4 - 2010

Wat wil jy hê moet ons eerste oor gesels plante of dalk Voet fungus in meeste van Gauteng, Mpumalanga en die Noordwes? Ek raak mou gewoond daaran om twee pare skoene te hê en hulle aft e wissel!
Ek dink ons gaan 'n vroeë winter hê. Dit word nou lekker koel in die aande en die eerste koue front het al oor die Suid Kaap hoer opgekom vir winter in die binneland en nou is die tyd om te kyk hoe ons ons plante kan begin toemaak vir die winter. Die maklikste is om natuurlik 3 of 4 stutpale om jou meer rypgevoelige plante te plant. Dan kan jy maklik goiingsak ook bekend as Hessian om die pale span. Onthou die goiingsak moet verkieslik nie aan die plante raak nie. As jy dit om die plant span kan dit selfs in die kouer gebiede dubbel omgespan word om maksimum beskerming te bied. Die goiingsak moet tot op die grond gespan word en jy moet seker maak dat daar nie 'n opening is waardeur die koue kan inkom nie. Die goiing kan ook bo-oor die plant gespan word, weer om nie aan die plant te raak nie, maar moet elke dag oopgemaak word sodat daar genoeg lig kan in kom. As jy nie goiingsak wil gebruik nie, kan jy ook rypbeskermingsmateriaal by jou naaste kwekery aanskaf. Dit is 'n wit vliesagtige materiaal wat soos kantgordyn lyk maar baie digter geweef is. Die verskil tussen die twee is dat die goiing wel dikker is en meer sal beskerm, maar ook wel heelwat duurder is – meer as dubbel die prys. Die fyner wit lap hoef ook nie elke dag afgehaal te word nie omdat dit genoegsame lig deurlaat, en dit kan ook as 'n voël beskermings net gebruik word reg deur die winter. Die rypbeskermingsmateriaal kan ook op die blare van groter struike lê sonder om dit te beskadig. As jy nodig het om 'n groot plant in geheel toe te maak, gebruik die dunner en ligter produk, maak vier lang stokke op die vier hoeke vas en so kan jy dit maklik oor die plant trek. Beide die twee produkte laat genoeg wind beweging deur.
Derek ek het 'n vraag vir jou. Van die luisteraars het my kom vra oor jou op die grond sit wenk. Hulle wou weet of dit kaalboude moet wees of nie? Laas week het ek gepraat van die bolle wat nou geplant kan word en een van die bolle is natuurlik die Hiasinte. Hiasinte was vir die laaste jaar of wat nie beskikbaar nie maar is wel hierdie jaar weer op die rakke. As jy bolle in potte wil plant wat baie geurig is, moet jy Hiasinte insit. Onthou om hiasinte toe te maak met iets soos 'n papierkoppie vir die eerste paar weke sodra jy sien die bolle begin blare uitstoot. As jy dit doen verseker jy dat die blom stele lekker lank uitrek en vir jou 'n langer voller blom gee. Selfs as jy jou hiasinte hidroponies wil groei soos ons laas week bespreek het kan jy die pot net so in 'n donker kas vir die eerste vier tot ses weke laat groei.

17 - 4 - 2010

Die kenners sê dat die aarde se temperature met ongeveer 1grade Celsius warmer is op die oomblik as wat die 10 jaar gelede was maar dis nie warm genoeg om die Impatiens deur die winter aan die blom te hou nie. As jy primulas wil plant waar jou Impatiens was is dit altyd moeilik om te besluit wanneer om die Impatiens uit te haal of nie. Die beste is natuurlik om dit net laag, amper op die grond af te sny en dit nie noodwendig ui te haal nie. As jy dan tussenin plant

gaan jy die afgesnyde plante so beskerm. As jy nie saailinge gaan plant nie of as jy in 'n baie koue gebied bly kan jy die plante wat afgesny is met strooi toemaak wat die plante deur die winter sal beskerm tot jy dit weer oopmaak in die lente.

Ek praat nou al vir die laaste twee weke oor bolle plant. Tulp bolle is nou al op die mark beskikbaar, maar dis eintlik nog hopeloos te warm daarvoor. As jy nou jou varieteite of kleure wil koop kan jy so maak maar dit moet eers baie later geplant word. Hou dit erens in 'n donker, koel kas maar maak seker jy hou dit droog. Tulpe met so middel tot einde Mei in die grond gesit word. As jy jou tulpe plant moet jy ook seker maak jy kry 'n halfson koel area daarvoor. Moet dit nie in die vol son teen 'n muur af plant nie wat dit sal nie goed blom nie, en die blomme se lewensduur sal baie kort wees.

Elke maand is daar mos nou ook 'n saailing van die maand en hierdie maand is dit Leeubekkies se beurt. Nou sal jy vra hoekom so voor die winter. As jy nou die plante in die grond kry kan hulle solank wortelskiet, sterk en bosserig groei om in die lente onmiddelik in kleur te wees. En ja, die leeubekkies kan middelmatige ryp hanteer so as jy jou winters ken sal jy weet of jy nou al die leeubekkies kan plant al dan nie. Jou leeubekkies hou van medium tot ryk gekomposteerde grond en ten minste twee keer per week water. 'n Half skadu tot volson posisie is die beste. Hier is 'n goeie wenk. Breek die sailing se boonste kwart af en verseker so dat die plant goed bos en sterk word.

Die laaste van jou tamaties behoort nou op die plante te wees en as die vrugte mooi geswel is kan jy die rypwording aanjaag deur die vrugte in bruin papiersakkies toe te maak.

Kry solank jou komposhoop gereed of as jy 'n opvoubare kompos drom het kan jy hom solank aan mekaar sit.

Pluk die laaste van jou basiliekruid want die plante gaan nou vinnig begin koud kry en hulle blare afgooi.

24 - 4 - 2010

Die dae word al hoe kouer en dis eintlik die laaste keer wat jy jou grasperk en rose moet voer voor die winter. Dis nou eintlik die regte tyd om 'n 3:1:5 op jou grasperk te gooi. Nou soos altyd sal almal sê maar dis mos nie die regte kunsmis nie want 3:1:5 word altyd gebruik by plante om blomme an te jaag en blomme te bevorder, maar wat die kalium ook doen is dit maak die plante se selle sterker teen die winterkoue . Onthou die Kalium is die laaste van die drie nommers op die sakke so as dit 'n 3:1:5 is is die 5 die Kalium. Vir die rose kan jy ook nou in die warmer gedeeltes 'n 'n 8:1:5 gee om seker te maak dat jy tog wel die laaste van die blomme te kry voor die plante in dormansie in gaan gedurende die winter. As jy in 'n kjouer area bly sale k voorstel om 'n 3:2:1 te gebruik en eerder op die wortels en krag in die stamme konsentreer as op blomme of blomvorming.
Derek ek weet nie of jy al gesien het hoe lag die lson in die wintermaande sak nie. Die skaduwees word al langer en sonlig word baie keer 'n probleem. As jy jou beddings en veral jou winter groente tuin beplan moet jy seker maak om die hoer soos bv rankbone plante aan die mees suidelike kant van die groentetuin te plant. Al die ander bedding rye moet noord- suid lê sodat elke plant goeie sonlig kry soos die son van oos n awes oor dit beweeg. So gepraat van die skadulyne wat l,anger lword, geweldig baie mense sukkel met hulle grasperke wat deur die wintermaande an die suidekant van die mure met so ongeveer twe meter terugvrek. Die beste ding om nou te doen is om koel seisoen skaduliewende grassaad daar te saai wat die strook lekker donkergroen en welig sal hou tot die kikoejoe weer in die somer teruggroei. Vir die van julle wat dink dit is die verkeerde tyd van die jaar mar eintlik is dit nou die beste tyd van die jaar om dit te saai omdat dit die beste groei gedurende die koeler mande van die jaar. Hierdie grasse staan ook oor die algemeen bekend as die immergroen grasse en is effens fyner as jou gewone kikoejoe, maar baie donkerder groen.
Die laaste ding wat ek wil noem is vir die ouens wat aartappels geplant het. Dis nou eintlik jou laaste kans om die aartappels uit die grond te kry. Jou aartappels behoort nou gereed en geswel te wees en jy moet dit nou uithaal voor die koue kom of voor die insekte dit opvreet.

tuis&home
EFEKTO For Life